POPI KENNISGEWING EN TOESTEMMINGSVORM

Ballito Gesinskerk verstaan dat u persoonlike inligting belangrik is vir u en dat u dit nie graag met ander wil deel nie. U privaatheid is vir ons ewe belangrik en ons is baie ernstig daaroor om enige inligting van u wat in ons besit is veilig te bewaar en om u inligting slegs op 'n wettige manier te gebruik.

Ons wil ook seker maak dat u verstaan hoe ons enige inligting van u gebruik, wie toegang het daartoe en vir watter doel dit aangewend word. Indien u vermoed dat die inligting op enige manier misbruik word of gebruik word vir enige doel buiten waarvoor dit bestem is, is u te enige tyd welkom om een van die inligtingsbeamptes te kontak.

Ons geregistreerde beamptes is:

Leonie Spangenberg – 032 946 1198 – kerkkantoor@noordkus.co.za

Louis Nel – 082 771 4925 – louis@dagstukkie.co.za

Ons bewaar ons inligting elektronies op die Winkerk stelsel, waar alle inligting streng beveilig word deur geakkrediteerde veiligheidstelsels.

Kontakbesonderhede word bewaar op die gemeente se selfoon en op die kommunikasie beampte se rekenaar vir die uitsluitlike doel om met gemeentelede te kommunikeer.

Enige harde kopieë van u inligting word in ons kerkkantoor se kluis bewaar.

Persone wat volle toegang het tot u inligting is: Die Skriba, die Leraar en die Kommunikasie beampte.

Verder kry Kerkraadslede slegs beperkte inligting van persone in hulle wyke, wat naam, van, kontakbesonderhede, huisadres en verjaarsdagdatums behels.

Kategese personeel kry slegs beperkte inligting van kinders wat in hulle sorg is en behels naam, van en verjaarsdagdatum van kind asook kontakbesonderhede en huisadres van ouers.

U inligting sal op die volgende maniere gebruik word:

1. Om met u te kommunikeer via Whatsapp boodskappe, sms of per E-pos of om u telefonies te skakel indien nodig.

2. Om u verjaarsdag bekend te maak op ons weeklikse nuusbrief asook op ons webwerf.

3. Om u naam op ons nuusbrief en webwerf te plaas wanneer daar vir u voorbidding gedoen word, asook om per geleentheid 'n Whatsapp boodskap aan die gemeente uit te stuur vir voorbidding wanneer dit nodig is.

4. Vir algemene gemeentelike administrasiedoeleindes.

LET WEL: U besonderhede sal onder geen omstandighede bekend gemaak word aan enige instansies of persone buite die gemeente nie.

Die POPI wet (Wet nommer 4 van 2013) vereis dat elke lidmaat persoonlik skriftelik toestemming moet gee dat sy/haar inligtng deur die gemeente gebruik mag word soos hier bo uiteengesit. Vul asseblief die vorm hier onder in en besorg dit aan een van die Inligtingsbeamptes.

Hiermee gee ek _____ toestemming dat:

1. Hierdie inligting veilig elektronies op NG Gemeente Noordkus se **Winkerk** stelsel gestoor mag word.

2. Die inligting met my kerkraadslid gedeel mag word.

3. My verjaarsdag afgekondig mag word en op die elektroniese nuusbrief en webwerf mag verskyn.

4. My naam afgekondig mag word en op die elektroniese nuusbrief en webwerf mag verskyn vir voorbidding indien nodig.

5. My minderjarige kinders se inligting soos hierbo beskryf met hulle kategeet gedeel mag word.

(Skrap wat nie van toepassing)

Datum:

Plek:

Handtekening: